



INTERNASIONALE MARKTE

MARKTE SKUD GROOT SKOMMELINGE AF IN JANUARIE

► POSITIEWE BEGIN VIR DIE JAAR

Aandeelmarkte het in Januarie baie beter gevaar ná die groot skommeling aan die einde van 2018. Ontwikkelde én ontluikende markte het stygings aangeteken, deels te danke aan tekens deur die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) dat daar groter geduld met die verhoging van rentekoerse sal wees. 'n Oënskyklik effens beter verhouding tussen China en die Amerikaanse President het ook tot die meer positiewe sentiment bygedra. Politieke onsekerheid is wel steeds aan die orde van die dag en makro-ekonomiese nuus het dusver gemengde tekens aan die markte gestuur.

Die S&P500 het in die eerste helfte van die maand geleidelik gestyg en uiteindelik die maand 8% hoër as in Desember afgesluit. Dit was ondanks die probleme wat geskep is deur die gedeeltelike 35 dae stilstand van Amerikaanse federale regeringsdienste. Dit is veroorsaak omdat die Amerikaanse President Donald Trump en die Amerikaanse kongres nie ooreen kom oor sy planne om 'n muur op die grens tussen Amerika en die VSA te bou nie.

In Europa het markte ook positief gesluit. Die Eurostoxx 50 Indeks het in Januarie met 5.6% gestyg.

► STADIGER EKONOMIESE GROEI IN CHINA

Kommer duur voort oor stadiger ekonomiese groei in China. 'n Groeikoers van 6.4% is vir die vierde kwartaal van verlede jaar aangekondig, die eerste keer wat dit onder 6.5% is. Teen die agtergrond van verwagte laer ekonomiese groei wêreldwyd en ook danksy die handelspanning met Amerika, oorweeg die Chinese regering programme om die ekonomie te stimuleer.

Die stadiger groei in China het ook die mark in Japan geraak aangesien laer vraag vervaardigers se verdienste geraak het, wat in die besonder masjienvervaardigers in Japan negatief beïnvloed.

SLIM WENK

LAASTE DAE OM BELASTINGBESPARINGS TE OORWEEG

Die einde van die belastingjaar is oor 'n paar weke. Daar is verskillende opsies om belastingpligtigheid te bestuur. Daar is byvoorbeeld die geleentheid om 'n lomsom bydrae tot 'n uitree-annuïteit te maak en later die geld vir 'n buitelandse belegging te gebruik. Nie seker hoe dit werk nie? Lees alle besonderhede hier: <https://bit.ly/2TztwNG> Daar is verskillende maniere om slim te werk te gaan met belasting. Aangesien elke belegger se situasie uniek is, is dit raadsaam om jou adviseur of belastingraadgewer te kontak rakende die beste opsie vir jou omstandighede.

PLAASLIKE MARKTE

- MARKTE SLUIT HOËR AS STORMAGTIGE DESEMBER

MAAND IN OORSIG JANUARIE 2019

► JSE SLUIT STEWIGER

Ná groot skommeling in November en Desember 2018, het markte in Januarie stiller waters ervaar. Die SA mark het soos internasionale markte beter gevaar en die FTSE/JSE Indeks van Alle Aandele het die maand 2.8% hoër as Desember gesluit, veral danksy goeie vertonings deur finansiële aandele.

Die JSE se Finansiële Indeks het 6% hoër gesluit, nadat dit in Desember met slegs 0.6% teenoor November verbeter het. Die Hulpbronne Indeks was ook positief en het 3.3% hoër as die vorige maand gesluit. Hulpbronne is gesteun deur 'n 3% styging vir die goudprys en 'n styging van 3.3% vir die platinaprys. Dit is veroorsaak deur vrese dat ekonomiese groei wêreldwyd swakker gaan wees, wat beleggers na veiliger bates gedryf het. Die JSE se Nywerheidsindeks het nie watwonders gevaar nie maar tog 0.9% hoër as Desember afgesluit. Die mediumgrootte nywerheidsaandele het beter gevaar en met 2.3% gestyg terwyl die kleiner aandele met 2% gestyg het. Genoteerde eiendomme het in Januarie besonder goed gevaar en met 9.2% gestyg, hoewel dit van 'n baie lae basis was.

Die rand het in Januarie die beste vertoning van alle geldeenhede teenoor die dollar beleef. Dit het in die maand met 7.9% teenoor die euro verstewig en met 5.5% teenoor die Britse pond. Ander geldeenhede het ook stewiger teenoor die dollar vertoon – die Russiese roebel het die maand 6.6% beter afgesluit en die Chileense peso 6% stewiger teenoor die dollar.

► INFLASIE LAER

Die inflasiesyfer vir Desember 2018 wat deur Statistiek SA aangekondig is, het soos verwag is tot 4.5% gedaal. Die daling vanaf die 5.2% wat vir November aangekondig is was grootliks te danke

aan die petrolprys wat R1.84 sent per liter laer was. Die daling in brandstofinflasie van 19.2% tot 7.7% vanaf November tot Desember het gesorg dat die geadministreerde inflasie van 12.1% tot 8% gedaal het. Geadministreerde of bestuurde inflasie, wat grootliks deur brandstof- en elektrisiteitspryse, water en sanitasie tariewe gedryf word, staan sedert 2009 op 'n gemiddeld van 7.1% en bly een van die grootste bedreigings vir die inflasiesyfer. Die SA Reserwebank (SARB) verwag dat elektrisiteitspryse vanjaar met 9% gaan styg, heelwat minder as die 15% wat deur Eskom aangevra word.

Inflasie sonder die geadministreerde pryse was in Desember 3.8%, wat gemaklik binne die SARB se teiken van tussen 3% en 6% val. Gegewe die feit dat die SARB se invloed op geadministreerde pryse redelik beperk is, is ontleders dit eens dat bestaande monetêre beleid van pas is.

► VERBRUIKERSVERTROUW ONVERANDERD

Verbruikersvertroue het op dieselfde vlak - 7 punte - van die laaste kwartaal van 2018 gebly. Die verbruikersvertroue-indeks, wat deur FNB en die Buro vir Ekonomiese Navorsing aan Stellenbosch Universiteit saamgestel word is teen die einde van Januarie bekend gemaak. Aldus 'n verklaring wat FNB uitgereik het, was verbruikersvertroue in die tweede helfte van 2018 beduidend laer as in die eerste ses maande aangesien die opgewondenheid oor die nuwe President begin verflou het. Dit is steeds hoër as die lae vertrouesifer wat tussen 2015 en 2017 aangeteken is. Volgens FNB dui dit daarop dat verbruikers steeds betreklik optimisties is dat die plaaslike ekonomie in 2019 beter gaan vaar en dat huishoudelike finansies sal verbeter.

PLAASLIKE MARKTE

► SYFERS VIR KLEINHANDEL EN VOERTUIGVERKOPE ONDER DRUK

Hoewel verbruikers oënskynlik meer hoopvol is vir die jaar wat voorlê toon kleinhandelsyfers vir die feesseisoen dat huishoudelike begrotings onder druk is. Verskeie van die groter kleinhandelaars soos Woolworths, Mr Price, Clicks en groepe soos die meubelhandelaar Lewis het met verklarings rakende handelstoestande gesê afset tydens Kersfees was laer as wat verwag is. Die groter kleinhandelaars het ook gewaarsku dat 'n moeilike jaar voorlê.

Verbruikers se skuldsituasie, hoër petrolpryse en die verhoging van BTW is as bydraende faktore genoem.

Ook die motorbedryf het nie in Januarie veel rede tot opgewondenheid gehad nie. Die verkope van nuwe voertuie was in die eerste maand van die jaar op 42 374 eenhede 7.4% laer as in dieselfde maand verlede jaar. Volgens Naamsa het die verkope van passasiersvoertuie met 10.8% gedaal en was die verkope van ligte handelsvoertuie onveranderd teenoor 2018.

MARKPRESTASIE

Tabel is op 4 Februarie 2019 gefinaliseer

Vlak/prys		Jaar tot datum
VSA		%
S&P 500	2707	7.97
Nasdaq	6876	8.62
Dow Jones	25064	7.44
EUROPA		%
FTSE 100	7020	4.34
XDAX	11194	5.79
CAC 40	5019	6.1
ASIË		%
Nikkei 225	20788	3.87
Sensex 30	36469	1.11
Shanghai	2618	4.99
Hang Seng	27931	8.07

	Vlak/prys	Jaar tot datum
ONTLUIKENDE		%
UAE ADX	5045	2.64
KSA Taduwl	8560	9.37
Qatar	3244	5.37
Suid-Afrika	53930	2.26
Ander		%
Goud	1318	2.74
Ru-olie	62.75	16.64
VSA 10-jaar	2.69	0
Pond/Dollar	1.31	2.8
Euro/Dollar	1.15	0.32
Bronne: Anchor Capital / Wheels24 / Business Day		

MAURITIUS	+230 584 35215
JOHANNESBURG	+27 (0) 11 799 8100
SANDTON	+27 (0) 10 035 1391
PRETORIA	+27 (0) 12 347 8240
NEWLANDS	+27 (0) 21 418 1236
BELLVILLE	+27 (0) 21 914 9646
STELLENBOSCH	+27 (0) 21 882 8706

